Oor lidmate potensiaal!

Die tyd dat predikante en die kerkraad alleen hulle gawes vir diens beskikbaar stel en rimpels maak, is lankal verby.

“Die Seun van die mens het nie gekom om gedien te word nie maar om te dien.” (Mark 10: 45). Lidmate wat hulle roeping ernstig neem en in Jesus se voetspore volg, besef dat hulle nie bedien moet word nie, maar moet dien. Elke christen word geroep om ‘n dienaar te wees.

Lidmate moet die wêreld:

- se nood raaksien,
- leer omgee en
- hulle gawes gebruik
- om hoop te bring en
- ‘n verskil in ander se lewens te maak.

Toerusting is deurslaggewend om die vaardighede wat lidmate nodig het uit te bou, te kweek en in te oefen. Indien die lidmaatpotensiaal wat nog onderbenut in baie gemeentes is, ontsluit kan word, sal die kerk en Christendom ontplof en uit sy nate bars.

Geen mens mag twyfel aan die potensiaal wat die Here God opgesluit het in Sy kinders nie. (Lees Job 1). Hulle kan inderdaad berge versit. Namate hulle die vrymoedigheid neem om groot dinge aan te pak in die Here se Naam, sal die kerk:

- sout van die aarde wees en
- lig vir die wêreld wees,
- ‘n stad op ‘n berg wat doodeenvoudig nie weggesteek kan word nie.